

Habakuk – Nogtans sal ek in die Here jubel

Inleiding

Die profeet Habakuk, tydgenoot van Jeremia en Obadja, maar verder onbekend, worstel in die agste boek in die ry van Twaalf Kleiner Profete met die vrae wat Nahum op die tafel sit. As God dan só streng en grusaaam kan oordeel oor die nasies, soos in die geval van Nineve, hoekom doen Hy dit nie ook nou waar die onderdrukkende werklikheid van die Galdeërs (1:6) die Jode se voortbestaan bedreig nie?

Hoe kan die Here hoegenaamd sê dat hy nasies inspan – “*Kyk, Ek gaan die Galdeërs laat optrek ... (1:6) – terwyl hulle nie in Hom glo nie? Hoe kan die Here hulle toelaat om op gewelddadige en bose maniere op te tree? En hoe lank sal die onreg en geweld selfs onder die Godsvolk die oorhand hê? Kortom, hoe lank kan God nog toelaat dat onreg en boosheid gedy en regverdiges daaronder ly? Geregtheid is immers ‘n grap in die land en die wêreld, soos Peterson in *The Message* skryf (*Justice is a Joke* – opskrif vir hoofstuk een).*

Die Here oortuig Habakuk egter in sy gebedsworsteling dat al lyk dit op die oog af asof alles ten gronde gaan, God die regverdiges nie sal versaak nie. Op God se verlossing moet hulle wag, selfs al lyk dit asof dit/Hy talm. In volhardende *wag*, al dieper wordende *luister* en worstelende *gebed* met die Here lê hulle toekoms opgesluit.

Habakuk kan uiteindelik sê dat al lyk dinge op die oog af asof dit nie regkom nie, en eerder vererger: “*nogtans sal ek jubel in die Here, sal ek juig in die God wat my verlos. Die Here, my Heer, is my krag.*” (Hab. 3:18-19). God versaak dus nie dié wat hulle toevlug tot Hom neem nie.

Die boek toon daarom eintlik meer ooreenkomste met van die Psalms as met van die ander profetiese boeke. Dit is, soos die Psalms, meer ‘n gesprek *met* God as wat dit ‘n woord *van* God af is. Habakuk reflekteer dus meer van sy intersessorskap by God as dat hy as woordvoerder van God optree. Uit hfst. 2:1 blyk dit egter dat dit ook op ‘n woord vir die geloofsgemeenskap sal uitloop: “*Ek wil wag om te verneem ... wat ek moet antwoord wanneer mense my verwyt.*”

Weereens, soos die Psalms, is Habakuk daarom ook woorde wat God vir ons gee om vir Hom terug te sê. Kan ons Habakuk se woorde ons eie maak in watter uitdagende situasie ons ook al bevind. Trouens, Habakuk skryf sy gebed in hoofstuk 3 in die vorm van 'n liturgie wat die geloofsgemeenskap kan gebruik in die erediens as *klaaglied* om by God in te tree vir watter situasie hulle ook al in verkeer (vgl. vers 1 en 19 – “*Op die wysie van 'n klaaglied ... Vir die koorleier. Met snarespel.*”).

Op dié manier is die boek op 'n besondere manier 'n boek van hoop, al weet ons dat die ballingskap uiteindelik wel gekom het en die volk vir sewentig jaar moes wag vir die uiteindelige verlossing. Uiteindelik het die Here hulle lot verander en kon hulle Hom weer dien in hulle eie land. En daarin lê ook vir ons die hoop vandag opgesluit.

Indeling

Die boek deel maklik in drie dele op. Die eerste twee hoofstukke is in die vorm van 'n *gesprek* tussen Habakuk en die Here. Die derde hoofstuk is 'n *gebed* wat uitsien na die uitkoms waarvoor Habakuk sy vertrouwe op God sit:

- 1:1-17 – Habakuk worstel met God se keuse van die Galdeërs as sy oordeelsinstrument
- 2:1-20 – Die Here stel Habakuk gerus dat Hy die reg sal handhaaf met oordeel ook oor die Galdeërs
- 3:1-19 – Habakuk jubel in die God wat tot die redding van sy mense sal kom

Habakuk 1:1-17 – Habakuk worstel met God se keuse van die Galdeërs as sy oordeelsinstrument

Die eerste twee hoofstukke is 'n roerende gesprek tussen Habakuk en God. Habakuk praat twee keer in hoofstuk een en die Here een keer. God praat twee keer meer uitgebreid in hoofstuk twee wat deur 'n kort voorneme van Habakuk om te wag en te luister, ingelei word. Dit verloop as volg:

- **Habakuk worstel met God se keuse van die Galdeërs as sy oordeelsinstrument – 1:1-17**
 - **Habakuk:** *Hoe kan u onreg verdra?* – 1:2-4

- **Die Here:** *Jy sal verstom staan oor wat Ek gaan doen – 1:5-11*
- **Habakuk:** *U kan tog nie niks doen aan die ellende nie? – 1:12-17*
- **Die Here stel Habakuk gerus dat Hy die reg sal handhaaf met oordeel ook oor die Galdeërs – 2:1-20**
- **Habakuk:** *Ek sal wag vir u antwoord vir die geloofsgemeenskap – 2:1*
- **Die Here:** *Julle moet geduldig bly wag, reg doen en getrou bly – 2:2-4*
- **Die Here:** *Ellende wag altyd vir die wat plunder, knoei en onreg pleeg – 2:5-20*

1:2-4 – Habakuk: Hoe kan u onreg verdra?

Habakuk se eerste woorde weerklink reg deur die eeue in gelowiges se gebede: *“Hoe lank moet ek om hulp roep voordat U hoor, Here.”* Wat Habakuk se klag nog meer intens maak, is dat dit nie net sy persoonlike nood is wat voor die Here gebring word nie, maar dié van die gemeenskap waar die gebrek aan geregtigheid ‘n grusame grap geraak het, *a la* Peterson. Waar Habakuk ook al kyk, is daar onreg en ellende, onderdrukking en geweld, getwis en gebaklei.

Sy ervaring is dat die wet geen krag meer het nie en dat die slegte mense die oorhand het oor die goeies. Nêrens geskied daar meer reg en geregtigheid nie. Die reg word verkrag. En dit is nie die Galdeërs en die nasies wie se onreg Habakuk van praat nie. Dit is sy eie mense, die mense van Juda!

Wat Habakuk egter nog dieper ontstel, is dat dit lyk asof die Here van ‘n afstand af net toekyk en niks doen aan die ellende en geweld in die Joodse geloofsgemeenskap nie. Waarom tree die Here nie op nie? Hy kan tog sien dat dinge nie só kan aangaan nie?

1:5-11 – Die Here: Jy sal verstom staan oor wat Ek gaan doen

Die Here antwoord vir Habakuk, maar nie met ‘n antwoord wat hom regtig gerus gaan stel nie. Die Here gaan Habakuk verstom met wat Hy gaan doen. Die Galdeërs sal as die Here se oordeelsinstrument optree en vrees en ontsag inboesem reg oor die aarde, ook in Juda: *“Hulle perde is vinniger as luiperds, vuriger as honger wolwe.”* Hulle sal die hele aarde verower en lag vir die weerstand wat van die nasies probeer bied teen die geweld van hulle aanslag.

Let egter op die ingeboude kritiek wat reeds in God se beskrywing van hulle mag ingesluit is: *“Hulle ken net een wet, een trots, hulle eie ... Vir hierdie sondige nasie is sy eie mag sy god.”* Daarmee wys die Here dat Hy baie bewus is van die problematiek van hulle gebrek aan die regte Godsbewussyn en die gestalte daarvan in gehoorsaamheid aan God in die lewe. Daarin lê alreeds die oordeel van die Here oor die Galdeërs ingesluit, al gebruik Hy hulle tans as sy oordeelsinstrument.

1:12-17 – Habakuk: U kan tog nie niks doen aan die ellende nie?

Habakuk kan egter nie vrede maak met die feit dat dié oordeelsinstrument wat God gebruik eintlik slegter mense is as dié waarteen die Here hulle gebruik nie: *“Waarom bly U stil wanneer slegte mense dié vernietig wat beter as hulle is?”* Die Here is tog ewig, heilig, soewerein en bekend daarvoor dat sy oë te rein is om toe te kyk terwyl daar verkeerd gedoen word: *“U kan tog nie sien dat daar ellende is en niks doen nie!”*

Habakuk gryp terug op die skeppingsverhaal, soos onder andere verwoord in Ps. 8, dat die mens tog nie soos die diere is nie: *“Hoe kan U mense behandel asof hulle visse is, asof hulle kruipende insekte sonder leier is?”* Hy wys ook op die goddeloosheid van die Galdeërs, wat selfs offers vir hulle nette bring, waarmee hulle hulle opstand teen God bewys, soos dit ook uitmond in hulle minagting vir die mense wat God geskep het.

Habakuk 2:1-20 – Die Here stel Habakuk gerus dat Hy die reg sal handhaaf met oordeel ook oor die Galdeërs

2:1 – Habakuk: Ek sal wag vir u antwoord vir die geloofsgemeenskap

Met dié laaste reeks vrae aan die Here, neem Habakuk in hoofstuk twee die enigste posisie in wat sin maak: *“Ek wil op my uitkyktoring gaan staan, my plek op die vestingmuur gaan inneem, ek wil wag om te verneem wat die Here vir my sal sê, en wat ek moet antwoord wanneer mense my verwyf.”*

2:2-4 – Die Here: Julle moet geduldig bly wag, reg doen en getrou bly

Die Here antwoord Habakuk op twee maniere.

- Hy wys in die eerste gedeelte wat die geloofsgemeenskap se verantwoordelikheid in só 'n tyd van onreg en oordeel is: *“Wie reg doen, sal lewe omdat hy getrou bly.”*
- Hy wys in die tweede gedeelte uitvoerig op die *ellende* wat mense te wagte kan wees wat plunder, knoei en onreg pleeg.

En dit is dié tweede antwoord wat Habakuk tot rus bring en sy gebed laat skryf wat ons in hoofstuk 3 opgeteken het.

In die eerste gedeelte beveel die Here vir Habakuk om die boodskap op kleitablette te skryf wat mense sommer in die verbygaan kan lees. Dit moet dus baie sigbaar in die publieke oog wees, die moderne weergawe van groot kennisgewing- of advertensieborde. Dié boodskap is:

“Wie nie reg gesind is nie, sal sy verdiende loon kry, maar wie reg doen, sal lewe omdat hy getrou bly.” In die OAV lui die tweede frase: *“Maar die regverdige, deur sy geloof sal hy lewe.”* *Geloof en getrouheid (faithfulness) is albei goeie weergawes van die Hebreeus ‘emunâ.*

Let op dat dié boodskap gekoppel word aan die geduldige wag vir die uitkoms van die Here:

“Jy moet net geduldig bly wag as dit nie gou kom nie, want dit kom beslis, dit sal nie uitbly nie.”

In dié twee woorde van die Here – 1) om te wag vir sy uitkoms, en 2) om in geloof en getrouheid te volhard – lê miskien een van die belangrikste boodskappe vir gelowiges deur die eeue opgesluit. Geen wonder dat Paulus in sy briewe aan die Galasiërs (3:11 – *“hy wat deur God vrygespreek is omdat hy glo, sal lewe”*) en die Romeine (1:17 – *“In die evangelie kom juis tot openbaring dat God mense van hulle sonde vryspreek enkel en alleen omdat hulle glo. Dit is soos daar geskrywe staan: ‘Elkeen wat deur God vrygespreek is omdat hy glo, sal lewe.’”*) so baie van hierdie boodskap maak.

Ook die skrywer van Hebreërs maak in sy brief-boodskap baie van dié belangrike boodskap uit Habakuk (10:37-38 – *“Nog net ‘n kort, kort tydjie, en Hy wat kom, sal kom en nie talm nie. En wie deur My vrygespreek is omdat hy glo, sal lewe; maar as hy terugdiens, het Ek niks aan hom meer nie.”*). Let op hoe die Hebreërskrywer die boodskap van Habakuk aan die

wederkoms van die Here Jesus Christus koppel, dié dag wat geregtigheid in sy volheid sal aanbreek. Let ook op hoe hy die hoop en vertroue uitspreek dat die geloofsgemeenskap dié boodskap ter harte sal neem: *“Maar ons is nie van dié wat terugdeins en verlore gaan nie; nee, ons glo en ons sal lewe.”!*

Trouens, die impak van Habakuk strek ook tot in die begroning van die Reformasie deur Maarten Luther wat in die Romeine brief se boodskap (1:16-17) ‘n genadige God ontdek het. Dit het die basis gevorm vir die formulering van die *sola fide* belydenis, een van die kosbaarste erfenisse uit daardie tyd.

2:5-20 – Die Here: Ellende wag altyd vir die wat plunder, knoei en onreg pleeg

Hierdie tweede antwoord van die Here is opgebou rondom vyf uitsprake van: *“Ellende wag vir ...”* (2:6,9,12,15,19) wat volg ná die inleidende veroordeling in vers 5 van ‘n hooghartige mens wat hom deur sy rykdom laat mislei, ‘n direkte veroordeling van die Galdeërs se arogansie en grypsug. Dit sluit af met die oorhoofse oproep: *“Die Here is in sy heilige tempel: almal op die aarde moet in sy teenwoordigheid stil wees.”*

2:6-8 – Ellende wag vir dié wat rykdom oneerlik en onregverdig bekom

Jy kan nie ander sy rykdom vir jouself toeien en dink dat jy skotvry sal loskom nie. Die tyd kom nader, sê die Here, dat jou oneerlike en onregverdige besit deur ander van jou afgeneem sal word.

2:9-11 – Ellende wag vir dié wat ander uitbuit deur hulle geknoeiery

Jy kan nie ander uitbuit deur ‘n onwettige geknoeiery en dink dat dit nie ‘n ramp op jou en jou familie sal bring nie. Geen sekuriteit wat jy probeer bou, sal jou van ondergang beskerm nie, want selfs die klippe waarmee jy jouself probeer beveilig van ander, sal jou skuld uitskree en verkondig.

2:12-14 – Ellende wag vir dié wat mag bekom met moord en onreg

Die Here is oral en sien alles. Niks ontglip sy teenwoordigheid nie. Hy sal rekenskap eis.

2:15-17 – Ellende wag vir dié wat ander verlei met drank in wellustigheid

Noag se probleme met die vrug van die wingerdstok lê waarskynlik agter die beeldspraak wat hier gebruik word, en Gam se skandelijke openbaringmaking daarvan (Gen. 9). Só mag mense nie met mekaar omgaan nie, want daardeur word hulle geweld aangedoen. Die Here se straf vir die ontering van ander deur die Galdeërs is dat hulleself onteer sal word.

2:18-20 – Ellende wag vir dié wat afgode dien

Die Here is skerp in sy veroordeling van afgodediens, nie net omdat dit mense verlei om Hom te dien nie, maar omdat dit só nutteloos is: *“Dit is maar net iets wat deur ‘n mens gemaak is.”* Geen vertrouwe sal hulle lewendig maak nie. Geen aandag aan hulle sal jou enigiets kan leer nie.

Wat nodig is, is om die Here in sy heilige tempel raak te sien en saam met almal op aarde in sy teenwoordigheid tot rus te kom. Sy goedheid sal triomfeer oor die kwaad.

Boodskap

Ons is geneig om net te fokus op die wonderlike boodskap in Habakuk 3:17-19: *“al sou die vyeboom nie bot nie ... nogtans sal ek in die Here jubel.”* Dit is egter noodsaaklik om eers te fokus op die worsteling van Habakuk in die eerste twee hoofstukke vóór ‘n mens tot ‘n jubeling midde in jou en jou gemeenskap se stryd oorgaan.

Dit is nie ‘n klein saak as geregtigheid ‘n grap geword het nie. Dit is nie maklik om die grypsug en geweld van plunderaars gade te slaan, veral as dit oopgevelek word in die openbare lewe nie. Dit is pynlik en hartverskeurend. Habakuk roep ons op om sélf met God daarvoor in gesprek te tree en dán te wag, en te luister na sy antwoorde vóórdat ons ons geloof in Hom bely met die jubeling dat Hy genoeg is vir ons, dat sy uitkoms genoeg is vir ons.

Ons moet ook onthou dat die vyf uitsprake van ellende oor plunderaars en knoeiers ons nie vryspreek van die absolute eis van die Here tot geloof in en getrouheid aan Hom nie. *“Wie nie reg gesind is nie, sal sy verdiende loon kry, maar wie reg doen, sal lewe omdat hy getrou/gelowig bly.”*

Habakuk 3:1-19 – Habakuk jubel in die God wat tot die redding van sy mense sal kom

Ná die indringende gesprek van Habakuk en die Here gee Habakuk vir ons 'n gebed in die vorm van 'n Psalm. Dit was waarskynlik bedoel om as 'n liturgie in opeenvolgende geslagte van die geloofsgemeenskap gebruik te word.

Die liturgie begin in vers 2 met 'n smeekgebed dat die Here weer kragtig sal optree soos in die verlede. Habakuk beskryf vervolgens in vers 3-15 wat hy sien en hoor in sy verhouding met die Here. Die dinge wat hy in hierdie visoen sien, oortuig hom dat die Here die volk sál red en die goddelose Galdeërs sál verpletter. Daarom sluit hy in vers 16-19 af met die besef dat hy maar kán wag vir die uitkoms van die Here. Dit kom verseker. Hy kan geduldig wag daarop al beleef hy nou niks daarvan nie. Al lyk dit asof alles verkeerd is, kan hy nógans nou reeds die Here loof vir wat Hy sál doen om dit reg te stel.

Die Psalm van Habakuk is daarom bedoel om as 'n liturgie gebruik te word ook in ander kontekste met ander uitdagings. Hy dui aan dat dit gesing word op die wysie van 'n klaaglied met snaarinstrumente, 'n uitdaging wat verskeie musici deur die eeu aanvaar het. Die drie dele van sy gebed kan as volg opgesom word:

- 2:2 – Laat u dade ook in ons tyd ervaar word
- 2:3-15 – U wys my dat U die volk red en die goddelose verpletter
- 2:16-19 – Ek sal geduldig wag vir u uitkoms

2:2 – Laat u dade ook in ons tyd ervaar word

Die liturgie begin in vers 2 met 'n smeekgebed dat die Here weer kragtig sal optree soos in die verlede. Habakuk koppel hulle behoefte aan redding en uitkoms direk aan die kragtige dade wat die Here in die verlede in die geloofsgemeenskap gedoen het. Dit is die basis vir sy ontsag vir die Here sowel as sy oproep: *“Doen dit tog ook in ons tyd.”* Hy bid om God se ontferming selfs al is die Here toornig op hulle. *“Laat u dade ook in ons tyd ervaar word.”*

2:3-15 – U wys my dat U die volk red en die goddelose verpletter

Die liturgie vervolg in vers 3-15 met wat Habakuk sien en hoor in sy verhouding met die Here. Die beskrywings laat 'n mens beseft dat dit 'n visioen, 'n teofanie, van God se kragtige teenwoordigheid in die skepping en die geskiedenis van die nasies is.

Habakuk begin met die beskrywing van God wat van die rigting van die Sinai berg, die plek waar Moses die wet ontvang het, na Israel toe kom. Teman was suid-oos van Israel in Edomitese gebied en die Paranberg waarskynlik ook. God se majesteit is baie wyd sigbaar, in die hemel sowel as op die aarde.

God se teenwoordigheid het 'n aardskuddende impak op alles wat leef en beef. Maar anders as by Sinai, bring sy verskyning oordeel en redding tegelykertyd. Aan die een kant bring dit die pes en die dood, onheil en rampe. God verpletter die aanvoerder van die goddeloses, 'n duidelike aanwysing van die Galdeërs (vers 13b-14). Hy is die Goddelike Krygsman *par excellence* wat sy oordeel uitvoer. Aan die ander kant bring die Here se verskyning redding vir sy mense (vers 13a). Sy oordeel bring verlossing vir sy mense. Hy is dus ook die Goddelike Redder *par excellence* wat sy mense verlos.

Hierdie visioen verkondig aan Habakuk dat die Here sy belofte sal waar maak. Hy sal die volk red en die goddelose Galdeërs verpletter. Die visioen is egter vir 'n ander tyd, kom Habakuk ook agter, hoewel dit vas staan dat dit in die toekoms sal gebeur.

2:16-19 – Ek sal geduldig wag vir u uitkoms

Habakuk sluit daarom af in vers 16-19 met die derde beweging van die liturgie. Hy beseft dat hy maar kán wag vir die uitkoms van die Here. Die uitkoms kom verseker. Die gesig het wel 'n sidderende ontstellende uitwerking op hom. Maar Habakuk beseft terselfdertyd dat hy geduldig kan wag daarop. Die Here is in beheer van beide die oordeel as die redding. Al lyk dit dus asof alles verkeerd is om hom, kan hy nóg tans nou reeds al die Here loof vir wat Hy sál doen om dit reg te stel.

Hy sê daarom op daardie onvergelyklike inspirerende manier van hom: *“Al sou die vyeboom nie bot nie en daar geen druiwe aan die wingerde wees nie, al sou die olyfbes misluk en die lande geen oes lewer nie, al sou daar geen kleinvee in die kampe meer wees nie en die beeskrale sonder beeste wees, nogtans sal ek jubel in die Here, sal ek juig God, my Redder.”* (Hab. 3:18-19). Hoekom? Want hy het die uitkoms gesien – die volk se redding en die vyand

se nederlaag. Hy weet dus dat God nie dié versaaak wat hulle toevlug tot Hom neem nie. Trouens, dit gee hom krag in die hoop dat hy self deel van die verandering kan wees wat die Here sal bring.

Boodskap

Die gebed van Habakuk gee vir ons as geloofsgemeenskap drie liturgiese bewegings wat ons in negatiewe omstandighede kan gebruik om tot die Here te nader:

1. In die eerste plek kan ons ons **behoefte** aan redding en uitkoms eerlik aan die Here bekend maak. Ons kan die Here herinner aan die kragtige daede wat Hy in die verlede in die geloofsgemeenskap deur die eeue gedoen het. Dit bly die plek wat ons eerste opsoek in ons verhouding met die Here, die geestelike merkers van die pad wat ons met Hom tot hier geloop het.
2. In die tweede plek kan ons die **prentjies** van redding en uitkoms wat die Here vir ons gee in ons gebed gebruik, veral dié wat begrond is in sy beloftes in die Bybel. God se skeppingsmag, die ontsag waarmee mense deur die eeue Hom bejeën, en die ingrype in die wel en wee van die nasies, is alles dinge wat ons in ons gebede kan gebruik, totdat die begrip van wat die Here nou wil doen, vir ons oopgaan. Die Bybel en die verhale van God se verlossende oordeel speel hierin 'n belangrike rol. Dit stimuleer ons verbeelding in ons gesamentlike gebed tot die Here.
3. In die derde plek kan ons dieselfde **geduld** van Habakuk aan die dag lê. Verandering kom van die Here af. Daarop kan ons ons hoop stel. Daarin kan ons ons verbly: *“Nogtans sal ek in die Here jubel.”* Geduld bring ook verandering in ons eie gemoed en gedrag. Geduld help ons om vas te gryp aan die Here en Hom te vertrou en aktief op Hom te wag. Wanneer ons dit reg kry om geduldig op Hom te wag, begin ons ook ervaar dat Hy ons krag gee en ons voete soos dié van 'n ribbok maak. Dán kry ons dit reg om op hoë plekke veilig te loop. Dán raak ons baie kere self katalisastors in die verandering wat die Here bring.